

**BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR  
DEUR  
DR PHILIP THEUNISSEN**

**BRUTO INKOMSTE**

Die grootste gedeelte van boerderye in Suid-Afrika word in die vorm van eenmansake bedryf. In 'n eenmansaak word daar nie baie duidelike skeidslyne tussen die besigheidsdeel en die private lewe van die boer getrek nie en is dat meestal ineen gestrengel met mekaar. Uit 'n besigheidsoogpunt, veral dan sover dit belasting aangaan, moet die boer 'n onderskeid tussen sy private lewe en sy besigheidslewe kan tref.

Nie alle inkomste is belasbaar nie en nie alle uitgawes is aftrekbaar nie. Bruto inkomste word in die basiese belastingformule bereken deur die totale ontvangste van 'n belastingpligtige te neem en dan sekere items daarvan af te trek. Die inkomste moet gevolglik eers gedefinieer word waarna die spesiale aftrekkings daarvan afgetrek kan word.

**INKOMSTE**

Die boer se totale inkomste kan in 'n paar groepe geklassifiseer word.

**Boerdery-inkomste**

Die Inkomstebelastingwet bepaal dat die volgende items by boerdery-inkomste vir die belastingjaar ingesluit moet word:

- Die waarde van lewende hawe en produkte op hande op die laaste dag van die belastingjaar, dus eindvoorraad. Dit is produkte wat reeds bymekaar gemaak is om bemark te word. Gewasse wat nog op die land groei en wol op skape se rug is nie bemarkbaar nie en dus nie deel van eindvoorraad nie. Daarenteen is koring wat in die boer se eie silo's opgegaan is, klaar verpakte vrugte wat in 'n koelkamer gestoor word en markklaar aartappels wat reeds op die vragmotor gelaai is dus deel van eindvoorraad, soos bepaal deur die markwaarde wat dit kan realiseer. Vee word in gevolge 'n spesiale bepaling teen die sogenaamde standaardwaardes waardeer teen byvoorbeeld R50 vir 'n bul van R15000 en R2 vir 'n gespeende lam van R400.
- Die waarde van lewende hawe wat die boer as skaappag ('n tipe huurooreenkoms), of soortgelyke ooreenkoms, aan 'n ander boer verhuur asook die waarde van enige ander produkte wat deur so 'n ooreenkoms aan 'n ander boer beskikbaar gestel word.
- Alle bedrae wat die boer ontvang het deur die verkoop of verruil van lewende hawe en produkte.
- Die markwaarde, soos op die datum van die skenking, van enige lewende hawe en produkte wat die boer geskenk het of uit Suid-Afrika gestuur het of wat deur 'n maatskappy of beslote korporasie aan hom uitgekeer is sonder dat hy geld daarvoor ontvang het.
- Die markwaarde van lewende hawe op die datum van sekwestrasie van die boer se boedel in die geval van insolvensie of likwidasië in die geval van 'n maatskappy.

- Die waarde van lewende hawe en produkte (eindvoorraad) op datum van 'n boer se afsterwe. Dit sluit weer eens net produkte in wat reeds vir bemarking ingesamel is en nie produkte wat nog op die land staan of wol wat op 'n skaap se rug groei nie.
- Die produksiekoste van lewendehawe en produkte wat deur die boer se gesin of huisbediendes verbruik is.
- Subsidies wat die boer ontvang het.
- Verhalings of terugontvangste van uitgawes of kortings wat die boer in 'n vorige jaar geëis het.
- Enige ander boerdery-inkomste, soos die omsetbonus van 'n koöperasie, kontrakwerk vir ander boere verrig en deelloes wat van 'n ander boer ontvang word, word by boerdery-inkomste gevoeg.

### **Nie-boerdery-inkomste**

Sekere ander inkomste wat die boer ontvang, buite die normale loop van sy boerdery, vorm ook deel van sy totale ontvangste:

- Huurgelde vir die verhuur van grond.
- Dividende ontvang op aandele.
- Rente ontvang op beleggings.
- Inkomste uit uitbetalende annuïteite ontvang.
- Salaris, kommissie en toelaes ontvang vir deelydse werk verrig.

### **Kapitale ontvangste en toevallings**

Sekere bedrae wat by die belastingpligtige se totale ontvangste ingesluit word, is van 'n kapitale aard en dus nie inkomste nie. Soos in die basiese formule getoon, word die opbrengs daarvan afgetrek voordat bruto inkomste bereken word. Voorbeelde hiervan is:

- Verkoop van privaat bates soos 'n woonhuis, strandhuis of privaat motor.
- Verkoop van aandele wat as belegging besit word.
- Verkoop van grond.
- Verkoop van klandisiewaarde van 'n besigheid.
- Opbrengs van 'n uitkeerpolis.
- Ontvangs van 'n prys of prysgeld as gevolg van 'n kompetisie of lotery.
- Ontvangs van 'n erfenis, skenking of geskenk.

### **Buitelandse inkomste**

Indien 'n boer ook 'n besigheid of boerdery in 'n ander land bedryf, is die inkomste daaruit gewoonlik in daardie land belasbaar. Nasionale regerings het gevolglik ooreenkomste waarvolgens sulke inkomste nie weer in die belastingpligtige se land van herkoms belas sal word nie. Enige inkomste wat dus verdien word uit 'n bron buite Suid-Afrika vorm deel van 'n belastingpligtige se totale ontvangste maar nie deel van sy bruto inkomste nie.

## **KAPITAAL ONTVANGSTE EN TOEVALLINGS**

Daar is reeds daarna verwys dat kapitale ontvangste en toevallings nie deel van bruto inkomste uitmaak nie. Daar moet egter 'n onderskeid getref word tussen wanneer 'n ontvangste kapitaal is en wanneer dit inkomste is. Items wat normaalweg as kapitaal beskou word kan ook inkomste wees afhangende van die aard van die bate, die beroep van die koper, die omstandighede waaronder die bate aangekoop is, die tydperk wat die bate gehou of gebruik is en die rede waarom die bate verkoop is. Daaruit volg dan dat sommige van die kapitale ontvangste in die volgende gevalle as bruto inkomste beskou sal word:

- Die verkoop van privaat eiendom as die belastingpligtige 'n eiendomspekulant is.
- Die verkoop van 'n privaat motor as die verkoper 'n motorhandelaar is.
- Die opbrengs van perdeweddenskappe as die belastingpligtige 'n beroepswedder is.
- Die verkoop van aandele as die belastingpligtige 'n aandelmakelaar is.

Die boer kan skouers optrek en sê dat hy nie een van bogenoemde beroepe volg nie. Dit is egter nie so eenvoudig nie aangesien daar, buiten beroep, na die res van die kriterium, naamlik aard, omstandighede, tydperk en rede gekyk sal word. Gevolglik kan opbrengs van 'n boer wat dikwels trekkers koop en verkoop, huise op die dorp koop en verkoop en elke maand prysgeld met 'n koerant se blokkiesraaisel wen, as inkomste beskou word wat by bruto inkomste ingesluit moet word. Dit sal egter eerder die uitsondering as die reël wees.

## **BUITELANDSE INKOMSTE**

Daar is reeds genoem dat inkomste uit buitelandse bronne nie deel van bruto inkomste is nie en gevolglik van totale ontvangste afgetrek word. As 'n belastingpligtige dus van mening is dat 'n gedeelte van sy totale ontvangste van so 'n aard is, moet hy dit so verklaar. Hierdie reëling geld nie ten opsigte van alle ander lande nie. Lande wat op 'n stadium deel van die Republiek van Suid-Afrika uitgemaak het, naamlik Namibië, Lesotho, Swaziland en Botswana, is aan ander bepalings onderhewig.

## **INKOMSTE: ARTIKEL 10 VRYSTELLINGS**

Vanaf die berekende bruto inkomste word sekere vrystellings ingevolge artikel 10 van die Inkomstebelastingwet afgetrek om inkomste te kan bereken. Hierdie artikel spesifiseer sekere persone en instansies wat nie belastingpligtig is nie asook sekere inkomste wat nie belasbaar is nie en dus van bruto inkomste afgetrek kan word.

Die betrokke artikel het nie 'n direkte invloed op 'n boer nie, buiten die basiese rentevrystelling van R6000 vir persone onder die ouderdom van 65 jaar en R10000 vir persone bo hierdie ouderdom. Vervolgens word daar met hierdie bespreking volstaan deur verder slegs die vernaamste vrystellings ingevolge hierdie artikel te noem, naamlik:

- Die inkomste van die nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede en ook rade of liggame wat ter bevordering van wetenskaplike, tegnologiese en nywerheids- navorsing opgerig is, is van belasting vrygestel.
- Ontvangste en toevallings van amateur sportklubs en politieke partye is nie belasbaar nie.
- Mynterings- en oorlogspensioene is vrygestel van belasting.
- Posspaarbankrente en dividende op aandele is nie belasbaar nie.

- Bona fide studiebeurse is nie belasbaar in die ontvanger daarvan se hande nie.

---

**BETHLEHEM**  
**Junie 2006**